Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende 'man hu' wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

Parashah 27: ***Tazria*** – Swanger word

Verder het יהוה met Mosheh gepraat en gesê: "Praat met die seuns van Yisra'el en sê: 'As 'n vrou swanger word en geboorte gee aan 'n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees. Lev. 12:1-2 – PWL[1]

Torah: Lev. 12:1 tot 13:59

Haftorah: 2Kon. 4:42 tot 5:19

Nuwe Verbond: Matth. 8:1 tot 4; Matth. 11:2 tot 6; Mark. 1:40 tot 45; Luk. 2:22 tot 24; Luk. 5:12 tot 16; Luk. 7:18 tot 23.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 27 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

The chief danger of the Church today is that it is trying to get on the same side as the world, instead of turning the world upside down. Our Master expects us to accomplish results, even if they bring opposition and conflict. Anything is better than compromise, apathy, and paralysis – A. B. Simpson.

Learn to light a candle in the darkest moments of someone's life. Be the light that helps others see; it is what gives life its deepest significance – Roy T. Bennett.

Change is the end result of all true learning – Leo Buscaglia.

"God is love," which means that God's compassion and grace are bound to his very essence and nature, and therefore our task is not to seek to find God's love but to remove all the barriers within ourselves that we have built against receiving it – H4C, April 2019.

Here's the paradox. We can fully embrace God's love only when we recognize how completely unworthy of it we are. – Ann Tatlock.

The greatest miracle that God can do today is to take an unholy man out of an unholy world and make him holy, then put him back into that unholy world and keep him holy in it. – Leonard Ravenhill.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torahbespreking

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing was die belangrikheid van die gehoorsaamheid van elke priester bespreek. Ons was herinner aan die vreemde vuur wat Nadav en Avihu in die Teenwoordigheid van יהוה-God gebring het en gesterf het!!

Talle gelowiges sien die Nadav-Avihu-gebeure as nie meer van toepassing nie, omrede geglo word dat die onverdiende guns van die nuwe verbond in Yeshua ons daarvan vrywaar! Maar as dienende priesters van Malki-Tzedek moet ons waak dat ons dienswerk in יהוה se Koninkryk, naamlik die wyse wat ons Hom dien en vereer, nie vreemde geestelike vuur van leerstellings van mense en afgodsfeeste met ‘n Christenbaadjie is nie! Soos Nadav an Avinu sal ons ook sterf – eerstens geestelik sterf en dus nie die Koninkryk van God erf nie!

Soos aan die begin van die studie van Levitikus (*Vayikra*) bespreek was, is die hooftema in hierdie derde boek van Mosheh die onderrig in afgesonderdheid (heiligmaking) en onpartydige opregtheid (geregtigheid). En dit beteken dat alleenlik die wat rein is, in God se Teenwoordigheid kan staan.

In hierdie week se Torahskriflesing (Tazria), asook die van volgende week, is die fokus op reinheid! Soos die Levitiese prietsers die onderskeid moes maak tussen dit wat rein en dit wat onrein is, so moet ons as priesters van Malki-Tzedek ook hierdie onderskeid kan maak. Soos Yeshua self gesê het:

> Hoe uitermate gelukkig is dié wat rein van verstand, wil en emosie is, want hulle sal God sien. Matt. 5:8.

Daarom moet ons steeds kan onderskei tussen dit wat rein en dit wat onrein is, want dit beïnvloed ons verhouding met Vader-God en bepaal of ons in יהוה se Teenwoordigheid mag kom en of ons יהוה se seëninge deelagtig gaan wees.

In jare wat daar nie ‘n dertiende maand by die Skrifkalender bygevoeg word nie, word hierdie week se Torahskriflesing, *Tazria*, en die een van volgende week (*Metzora*) saam gelees. Beide vorm ‘n eenheid van onderrig en instruksies oor:

- Melaatsheid (velaandoenings), wat ‘n toestand van onreinheid veroorsaak, hoofsaaklik weens sonde, naamlik die oortreding van Torah, asook die onderrig en instruksies vir die reiniging van melaatses.

- Onreinheid wat nie weens sonde is nie, maar onreinheid wat ontstaan wanneer byvoorbeeld ‘n vrou geboorteskenk (Lev. 12:1-8), of deur aanraking van ‘n karkas (aas) (Lev. 11:24-40; Num. 19:11-17), of liggaamsuitskeidings (vloeiing) (Lev. 15:2-33) of deur kontak met ‘n afgestorwene (Lev. 19:11-13). Hierdie verwerfde onreinheid kan egter verwyder word deur die voorgeskrewe ritueel / seremonie (Byvoorbeeld: Lev. 11:24-25; Lev. 14:1-32; Num. 19:1-19).

Hierdie reinigingswette word algemeen as deel van die seremoniële wette beskou en was alles ‘n skadubeeld (‘n sinnebeeld) van die toekomstige verlossing in Yeshua. Daarom volg ons nie meer die fisiese toepassing van hierdie reinigingswette vir ‘n statusverandering van onrein na rein nie, want in Yeshua is dit vervolmaak. MAAR, die beginsels waarvolgens ons as wedergebore kinders van יהוה onrein kan word het nie verander nie!! Die beginsel waarvolgens ons weer rein kan word het ook nie verander nie, maar wel die wyse, naamlik soos dit in Yeshua, dié Gesalfde Een, vervul is.

Melaatsheid: יהוה se Tugtiging

Vir die doel van verdere bespreking sal daar op melaatsheid gefokus word. Ten einde hierdie onderrig en instruksies te verstaan en prakties in ons lewe as geregverdigdes in Yeshua toe te kan pas, moet ons die verskil verstaan tussen melaatsheid volgens die Skrifte en dit wat hedendaags as melaatsheid beskou word. Vir dié doel sal hierdie verskille kortliks as agtergrond tot beter insae bespreek word.

Eerstens moet ons onthou dat siekte ‘n voortdurende herinnering is aan hoe dinge verander het sedert die sondeval van die mens. Toe יהוה alles geskape het, het Hy gesê: *Dit was baie goed* (Gen. 1:31). Die sondeval was egter die begin van verval, verrotting (korrupsie) en dood. Siekte is ‘n herinnering aan sonde en die gevolge van sonde.

Een van die oudste en bekendste aftakelende siekte toestande is melaatsheid wat deur ‘n bakteriese infeksie veroorsaak word. Hierdie organismes behoort aan dieselfde genus wat tuberkulose veroorsaak.

In Torah is melaatsheid (*tsara’at*) egter ‘n oertipe van alle siekte toestande. Dit simboliseer ook die sonde-toestand van progressiewe verrotting (aftakeling) en uidendelik die dood. Melaatsheid soos in Torah beskryf word, moet daarom beide fisies en geestelik gesien word. Daarom word *tsara’at* uitgesonder as die toestand van onreinheid – fisies en geestelik. In יהוה se ewige Heiligdom (Afgesonderde) is daar geen siekte, verrotting of dood nie. Daarom word dit ook nie in יהוה se aardse tabernakel (Heiligdom) toegelaat nie. In die huidige dispensasie wat ons leef is ons as individue, asook korporatief, daardie Heiligdom (tempel). Ons kan dus slegs in יהוה se Teenwoordigheid staan indien ons rein (‘onbesmet’) en afgesonder is. Sonde veroorsaak geestelike melaatsheid wat die mens onrein maak! ‘n Persoon wat op dié wyse ‘geïnfekteer’ (besmet) is kan nie in God se Teenwoordigheid kom nie!

Die hedendaagse definisie van melaatsheid, ook bekend as Hansens-siekte volgens die navorsing deur Gerhard Henrik Armauer Hansen in 1873, verskil egter van die definisie wat as melaatsheid (*tsara’at*) in die Skrifte vertaal word, hoewel daar wel ‘n groot mate van ooreenkoms is en daar baie geestelike lesse uit beide hierdie siekte-toestande geleer kan word. Melaatsheid was vir baie eeue beskou as ‘n vloek van God wat sonde verwant is. Soos sonde veroorsaak melaatsheid ‘n stadige verval tot die dood uiteindelik intree en dan hoofsaaklik weens sekondêre infeksies.

Melaatsheid soos ons dit vandag ken is nie ‘n velsiekte nie, maar ‘n siekte van die senuweestelsel. Die veroorsakende bakterie val die periferiale senuweestelsel (die senuwees buite die brein en rugmurg) aan en versprei dan na die hande, voete en gesig waar dit verwronging van die vel, die weefsel en die beenstruktuur veroorsaak. Uiteindelik verdwyn die voelsensasie wat tot ernstige beserings kan lei, aangesien ‘n melaatse nie kan voel dat hy pyn verduur nie. Melaatsheid word oorgedra deur direkte kontak met melaatses en deur hul respiratoriese uitskeidings (nies, hoes, speeksel).

Opsommend moet melaatsheid (*tsara’at*) volgens Torah nie slegs gesien word as melaatsheid soos ons dit vandag ken nie, maar ook as ‘n verskeidenheid van siekte toestande wat die vel aantas, sowel as voorwerpe soos klere en huise besmet. *Tsara’at* moet daarom gesien word as ‘n toestand van onreinheid en onvolmaaktheid volgens יהוה se standaard. Dit is ‘n veltoestand en besmetting van voorwerpe wat ontstaan het as gevolg van sonde, naamlik die oortreding van יהוה se Torah, veral weens sonde van die tong, naamlik kwaadspraak (skinder) wat in Hebreeus *l’shon hara* genoem word en wat in Parashah 28 meer volledig bespreek sal word.

Tsara’at was daarom יהוה se wyse om te waarsku dat ‘n persoon ‘n toestand van onreinheid weens sonde bereik het – ‘n toestand van ‘n versteurde verhouding tussen God en die

imndividu, en wat versoening deur berou, vergifnis en terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid vereis. Slegs dan sou genesing van die *metzora* (die melaatse) plaasvind. *Tsara'at* is dus beide 'n fisiese en geestelike toestand van onreinheid.

Daarom kon 'n persoon wat melaats is (oortrek is met *tsara'at*), nie in יהוה se afgesonderde plek, die tabernakel, ingaan nie. Melaatsheid (*tsara'at*) volgens Torah kan dus gesien word as יהוה se tugtiging van sy kinders.

Maar *tsara'at* kan egter ook gesien word as יהוה se onverdiende guns – Sy liefdevolle tugtiging. Dit was 'n sigbare manifistasie van God se 'ontvredenheid' met Sy kind se optrede en 'n tugtiging wat die geleentheid bied vir *teshuvah*, naamlik bekering met berou en om terug te keer om יהוה se Torah te hoor en te doen!

Verskeie teksverse bevestig die feit dat יהוה elkeen wat Hy lief het, soos enige aardse vader, ook tugtig.

> want יהוה wys hulle tereg wat Hy liefhet, soos 'n vader sy seun teregwys. Spr. 3:12.
>
> **6** want יהוה dissiplineer hom wat Hy lief het en Hy ontvang hulle met wie Hy tevrede is."
> **7** Verduur daarom die dissipline, want God behandel julle as kinders. Watter seun word nie deur sy vader gedissiplineer nie? Heb. 12:6-7
>
> Ek bestraf en dissiplineer dié wat Ek lief het. Wees daarom ywerig en keer terug. Open. 3:19.

Waarom Teëspoed, Hartseer En Lyding?

Ons kan dus die vraag vra: Hoe tugtig Vader-God onder die nuwe verbond die wat Hy lief het? Ons weet, want ons het dit almal al ondervind, dat teëspoed wat met siekte, hartseer en lyding gepaardgaan, deel van die lewe is. Maar is dit יהוה se tugtiging?

Wanneer teëspoed tref, vra gelowiges dikwels: *Hoe kon God dit toelaat* of *Hoe kon God dit gedoen het?* Is יהוה dan nie `n liefdevolle God wat ons belange te alle tye op die hart dra nie? Ons weet dat Hy Almagtig en Alomteenwoordig is en daarom die teëspoed, hartseer en lyding kon verhinder het. Onthou: יהוה het nie net liefde nie, maar Hy is liefde (1Joh. 4:16). Ware liefde is tog om te voorsien en te beskerm! Is teëspoed met die gepaardgaande hartseer, pyn en lyding dan die wil van `n liefdevolle God?

Ons kan ook vra: Indien ons sê dat teëspoed, soos byvoorbeeld ernstige siekte of die ontydige dood van 'n geliefde, God se wil is, bedoel ons dan dat Hy dit toelaat of bedoel ons dat Hy dit so bewerkstellig het? Indien ons glo dat God dit bewerkstellig, dan kan ons wel vra of dit ware liefde is? Sommige glo dat dit wel die wyse is hoe God dié tugtig wat Hy lief het. Maar, watter aardse ouer sal egter sy kind met ernstige siekte of die dood van 'n geliefde tugtig? Sal 'n aardse ouer sy kind op so 'n wyse tugtig? Dit is nie liefde nie en God is tog liefde! Indien teëspoed wel ons Vader se tugtiging is, dan beteken dit dat ons dit verdien. Dan kan ons nie God blameer nie, maar net onsself.

Indien ons egter glo dat Vader-God nie teëspoed in ons lewens bewerkstellig nie, maar dit slegs toelaat, dan beteken dit dat die oorsaak en oorsprong van teëspoed nie by Hom gesoek moet word nie. Dan laat God dit toe sonder om dit te keer. Dan is die oorsaak en oorsprong of onsself, of Satan wat kom om te steel, te slag en te verwoes (Joh. 10:10), of bloot 'n sameloop van omstandighede waaroor ons nie beheer het nie.

Die vraag is wel: Kan ons iets doen om teëspoed te verhinder en om יהוה se seëninge deelagtig te wees?

Die Mens Se Verantwoordelikheid

Deur teëspoed as die wil van יהוה te beskou, onthef die mens homself van enige verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Dit is om jouself te verontskuldig en die blaam, of die oorsaak, elders te plaas. Die wat hierdie standpunt huldig verontagsaam egter die woorde van Yeshua in Joh. 10:10, naamlik:

> Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is.

Hierdie Skrif is tog duidelik dat die dief, naamlik Satan, die een is wat steel, doodmaak en vernietig. Hy is daarop uit om alles van jou te steel, om dood te maak en om te vernietig indien hy die geleentheid kry. Hy is dus die vyand wat gekeer en oorwin moet word!!

Volgens Joh. 10:10 is dit ook duidelik dat Yeshua gekom het dat ons lewe en oorvloed kan hê. Hierdie lewe en oorvloed is eerstens die ewige lewe deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een, maar wat manifisteer in ‘n lewe van oorwinning en voorsiening in al ons behoeftes. Dit is dus יהוה se wil om die mens in elke area van sy lewe te seën soos deur verskeie Skrifgedeeltes bevestig word, ondermeer in Deut. 28:1-2:

> **1** Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, יהוה, jou God, jou sal oplig bo al die nasies van die aarde.
> **2** Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam.

Wat is dus die mens se verantwoordelikheid om die Vader se lewe in Yeshua in oorvloed deelagtig te wees? Die antwoord kry ons in Jakobus 4:6-10, naamlik:

> **6** Ons Meester gee ons groter onverdiende guns, want Hy sê dít: “God verneder die trotses, maar aan die nederiges gee Hy onverdiende guns.”
> **7** Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug.
> **8** Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af!
> **9** Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydskap in droefheid.
> **10** Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle oplig.

Hiervolgens moet elkeen wat deur vertroue in Yeshua regverdig verklaar is, eerstens in alles aan יהוה gehoorsaam wees, en tweedens die teëstander (Satan) teëstaan. Hierdie twee aksies staan nie los van mekaar nie. Jy kan nie slegs een van die twee doen nie, maar jy moet beide doen in die volgorde om jou eers aan יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, te onderwerp en dan moet jy Satan weerstaan. Op dié wyse sal die dief van jou af wegvlug. God gaan nie ingryp nie indien jy nalaat om te doen wat Hy jou beveel het!! Indien jy jou verantwoordelikheid ontduik, kan God nie anders as om “toe te laat” dat die teëstander van jou steel, doodmaak en vernietig nie!

Dit is dus duidelik dat elkeen `n rol het om te vervul. Ons kan nie net agteroor sit en alles in die hande van God laat nie. Elkeen moet aktief met die wil van die Vader meewerk. Ons kan nie toelaat dat Satan dit van ons steel wat deur יהוה se onverdiende guns in Yeshua ons toekom nie. Ons het die verantwoordelikheid om ons aan God te onderwerp, naamlik om aan

Sy onderrig en instruksies (Torah) gehoorsaam te wees, en om dan Satan teen te staan! Niemand sal tog willens en wetens toelaat dat `n dief sy besittings steel nie! Nee, jy tref voorsorg teen diefstal en bied weerstand waar nodig. Wanneer jy jou verantwoordelikheid nagekom het, dan sal יהוה ingryp om jou te ondersteun en te beskerm.

Dikwels is die mens self vir sy eie teëspoed, hartseer en lyding verantwoordelik. Die rede hiervoor is verkeerde keuses! יהוה het die mens geskape met `n soewereine wil. Elkeen is geskape met `n gewete, kreatiwiteit, emosies en die vermoë om te redener en besluite te neem. God respekteer die mens se wil en sal nooit Sy wil op die mens afdwing nie.

Diegene wat keuses maak wat strydig is met יהוה se wil, naamlik Sy geestelike wette, sowel as Sy natuurwette, sal die gevolge moet dra en kan dan nie vir God of Satan die skuld gee nie. Byvoorbeeld: Indien jy ‘n ongesonde lewenstyl handhaaf en יהוה se voedselvoorskrifte en natuurwette oortree, is die kanse goed dat jy mettertyd gesondheidsprobleme sal ondervind. Hiervoor kan jy dan net jouself blameer, want wat jy saai, sal jy maai!

Vryheid van keuse is een van die belangrikste redes waarom mense se lewens, asook die wêreld in geheel, in `n toestand van ellende en wanorde is. Die geskiedenis is die bewys dat verkeerde keuses deur mense en gesagsowerhede wat nie in lyn is met YHVH se Torah nie, vir die meeste pyn, lyding, mislukkings en chaos verantwoordelik is. In al die keuses wat vir hierdie ellendes verantwoordelik was, en steeds is, is die Skepper van almal en alles nie betrek nie.

Dit is nie `n geval van יהוה wat nie betrokke wil wees nie, maar eerder weens die feit dat Hy nie betrek word nie. Die mens is dikwels van mening dat hy alles volgens eie wil en met eie vermoëns kan doen. Talle het `n gesindheid waar יהוה-God net ingelig word oor keuses en dan word Sy seën daarop verwag.

Opsommend

Melaatsheid (*tsara’at*) volgens Torah kan gesien word as יהוה se tugtiging van sy kinders. Hierdie siekte toestand was die waarskuwing en bevestiging dat Torah oortree was, spesifiek die sonde van *l’shon hara*, naamlik kwaadspraak (skinder). Sonde, naamlik die oortreding van Torah (1Joh. 3:4) veroorsaak onreinheid – dit verander die mens se status van rein (Hebreeus: *tahor*) na onrein (Hebreeus: *tamay*). Diegene wat onrein is mag nie in יהוה se teenwoordigheid kom nie en maak die deur oop sodat Satan die reg het om te steel, te slag en te verwoes! Daarom het ons die verantwoordelikheid om deur die onverdiende guns in Yeshua, en gehoorsaamheid aan ons Vader se Torah soos in Yeshua vervolmaak is, rein en afgesonderd te lewe:

> want God het julle nie tot onreinheid geroep nie, maar tot afgesonderdheid. 1Thess. 4:7.
>
> Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af! Jak. 4:8.
>
> **14** soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie,
> **15** maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is
> **16** omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.” 1Pet. 1:14-16.

Wat staan ons te doen wanneer ons teëspoed, hartseer en lyding ondervind? Natan Lawrence som dit soos volg op:

Next time you have an ailment, a trial, a setback, or some other problem in life, before ascribing its occurrence simply to time and chance, reflect for a moment and consider this: perhaps, you are reaping the consequences for some sin that you have committed? Is there a sin in your life that you have not confessed and for which you have not repented? Is Elohim trying to get your attention? In the case of sickness, it could be as simple as you eating unhealthful foods or unclean meats, not getting enough exercise or enough rest. Or it could be the result of gossip, slander, bitterness, unforgiveness or anger. It could be smoking, excessive alcoholic consumption, sexual promiscuity… or violating some of יהוה's Torah commands that you know you should be keeping. (*Tazria* – http://www.HoshanaRabbah.org)

Bepeins of Bespreek

1. Lees Joh. 5:1-15 en let veral op vers 14. Hier sien ons die verwantskap tussen sonde en siekte. Sal die voorstanders van die voorspoedleer en diegene met 'n genesingsbediening 'dit waag' om die sieke hierop te wys of te vra of selfondersoek al gedoen is of die siekte toestand nie dalk weens sonde, naamlik die oortreding van Torah, is wat 'vertroetel' word nie? Verwys ook Spr. 28:9.

2. Is alle siekte weens sonde? Wat van geneties-oorerflike siektes, asook chemiese besoedeling van die lug, water en voedsel waaroor ons geen of weinig beheer het en wat op die langduur sekere siektes, soos kanker, longkwale, ens. kan veroorsaak? Wat van Ex. 20:5 waar יהוה sê: .....*wat die oortredinge van die vaders besoek aan die seuns, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat…* Kan ons die gevolge van die sondes van ons voorouers 'kanselleer'? Is die antwoord in Ex. 20:6? Is Torahgehoorsaamheid een wyse wat ons 'immuniteit' teen siekte, hartseer en lyding kan opbou?

3. Melaatsheid begin klein en versprei (vermeerder) dan tot dit die hele liggaam besmet. Is dit nie ook hoe sonde begin en vermeerder nie? Vergelyk Jak. 1:13-15. Die melaatse verloor uiteindelik sy vermoë om te kan voel. Is dit ook die toestand wat ons bereik indien ons sonde in ons lewe toelaat? Raak ons nie ook naderhand 'ongevoelig' vir die stem van die Afgesonderde Gees nie?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.